

Finaliste – Syngenta Nasionale Aartappelboer van die Jaar 2017

Hanrie Greebe, Aartappels Suid-Afrika

Vanjaar se finaliste van die Syngenta Nasionale Aartappelboer van die Jaar is super boere, elk in eie reg. Elkeen het 'n buitengewone passie vir aartappels en die totale spektrum van die verbouing wat daarmee gepaard gaan. Die omstandighede en die uitdagings waaronder hulle boer wissel letterlik van die suide tot die noorde van die land.

In alfabetiese volgorde volgens van, kan die sentrale streek baie trots wees op Pieter Becker jnr. van die Oos-Vrystaat wat volgens alle aanduidings met 'n breë bors sy pa se voetspore gaan volstaan. Pierré Smit van die suidelike streek is 'n staatmaker vir die Sandveld wat die beste resep vir aartappelboerdery verfyn het en waarop sy seuns die toekoms kan bou. Nico Wagner is 'n man wat van boerdery 'n kuns gemaak het. Die noordelike streek het in hom 'n staatmaker van formaat.

Baie geluk aan die drie finaliste wat elk 'n gulle geskenk van Syngenta ontvang het vir hulle uitnemende prestasie as aartappelprodusente!

Pieter Becker jnr.



Pieter Becker jnr. en sy eggenote Alida van Libertas, Oos-Vrystaat

Pieter Becker jnr., van die plaas Libertas naby Warden in die Oos-Vrystaat, is die vierde geslag wat met aartappels boer.

Sy oupagrootjie, een van die eerste aartappelboere in die omgewing, het in 1915 met tien hektaar aartappels begin. Pieter se oupa, Louis, het 'n groot passie vir aartappels gehad en in 1955 150 hektaar geplant. Sy pa, Pieter snr., wie sy grootste leermeester is, het in 1990, 300 hektaar



aartappels geplant en sy grootste rekordoes behaal.

In 2011 het Pieter voltyds op Libertas begin boer en eienaarskap geneem van die aartappel vertakking waar vandag 450 hektaar aartappels aangeplant word.



Vir Pieter is aartappelboerdery 'n ingebore passie en die resultaat is 'n produk waarop hy sy eie leuse grond – "I am so proud of it, I'll put my name on it!".

Pieter Becker het soveel vertroue in sy aartappels dat hy sy naam daarop plaas.

Pieter Becker jnr. en sy pa, Pieter Becker snr., die man by wie hy alles van aartappelboerdery geleer het.



Pierré Smit



Pierré Smit en sy eggenote Christel van Riviera, Sandveld



Pierré Smit boer saam met sy seuns, Louw en Johan, op die plaas Riviera in die Sandveld. Pierre se seuns is die vyfde geslag op Riviera.

Die grond is in 1905 bekom deur Pierré se oupagrootjie. Ná die Depressie het sy oupa die grond verhuur. Pierré se pa, Attie Smit, het in 1953 plaas toe gekom en met lemoene en aartappels begin boer. Na sy studies het Pierré in 1983 begin boer. Tans word daar 345 ha aartappels per jaar geplant.

Die eerste spilpunt is in 1985 aangeskaf en die eerste massa uithaler in 1991. Langdam by Elandsbaai is vanaf 2009 gehuur en Taaiboskraal is in 2012 aangekoop. Omdat hierdie twee plase teen die see geleë is, stel dit die boerdery in staat om twaalf maande van die jaar aartappels te produseer.

Riviera is vêr en afgeleë in die Sandveld – ure se ry van die naaste dorp, maar hier het Pierré Smit en sy

voorsate al vir geslagte lank puik kwaliteit aartappels gelewer.

Pierré Smit se hart is in die aarde waar die sand van die omgewing hom leen tot van die mooiste en hoogste kwaliteit aartappels in die land.

Nico Wagner



Nico Wagner en sy eggenote Manlie van Wilnick, Limpopo



Nico Wagner en sy eggenote Manlie bestuur Wilnick Boerdery naby Tolwe in Limpopo waar daar geboer word met aartappels, suikermielies, beeste en wild.

Met 'n skamele 89 ha het die boerdery eers werklik op dreef gekom toe Nico se oorlede pa, Willem Wagner sy eerste grond in 1980 gekoop het. Van meet af aan was produktiwiteit en integriteit ononderhandelbaar. Hierdie filosofie van Willem leef vandag voort in die tweede geslag van hierdie familie se maatskappyboerdery met Nico Wagner aan die hoof.

Die boerdery se erns met produkkwaliteit word weerspieël deur 'n waarborg van tevredenheid op elke sakkie aan sy kliënte en 'n direkte kommunikasielyn met die boerdery. Boerdery-sukses is te danke aan intense risikobestuur,

opgeleide en doelgerigte personeel wat dinge buitengewoon goed doen asook baie geloof en genade.

Nico Wagner in die pakhuis op sy plaas Wilnick naby Tolwe in die Limpopo Provinsie.

Nico Wagner se werkers is al geslagte lank betrokke by die berdery. Sy benadering is dié van bemagtiging en erkenning vir harde werk.